Wes-Kaap Onderwysdepartement
Robert De Morney
Direktoraat: Werwing en Keuring
Robert.DeMorney@westerncape.gov.za | 021 467 2529

Lêerno.: 3/3/1/1/4
Verwysing: 20220329-1141

Omsendbrief: 0019/2022
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om die outomatisering van alle inrigtingsgebaseerde staatsdienswerwings- en keuringsprosesse en die desentralisering van intreevlakposte bekend te stel.*

Onderwerp: Werwing en Keuring van inrigtingsgebaseerde staatsdienswerknemers

1. Die Hoof van Onderwys het die outomatisering van alle inrigtingsgebaseerde staatsdienswerwings- en keuringsprosesse en die desentralisering van intreevlakposte goedgekeur.

2. **Intreevlakposte**

2.1 Skole kan voortgaan om die volgende poste, wat vir kontrakaanstelling gebruik word, via die bestaande advertensieplatforms te adverteer:
   a) Administratiewe Klerk
   b) Algemene Assistent
   c) Huishoudingshulp
   d) Plaashulp
   e) Verpleegster

2.2 Advertensies moet met die posbeskrywings van die verskillende poskategorieë ooreenstem.

2.3 Die nominasiedokumentasie en stawende bewys van die proses wat gevolg is, moet vir oorweging en goedkeuring by die Direktoraat: Werwing en Keuring ingedien word.

2.4 Die Direktoraat: Werwing en Keuring sal die dokumentasie vir prosedurele en substantiewe korrektheid beoordeel en die nominasie as 'n permanente aanstelling goedkeur.

3. **Bevorderingsposte**

3.1 Skole moet die volgende poste aanlyn via die e-Werwingstelsel adverteer:
a) Algemene Voorman
b) Huishoudingtoesighouer
c) Senior Huishoudingtoesighouer

3.2 Advertensie moet met die posbeskrywings van die verskillende poskategorieë ooreenstem.

3.3 Aansoekers word aangemoedig om via die aanlynstelsel vir geadverteerde poste aansoek te doen.

3.4 Waar verbindingsprobleme in sekere gebiede ervaar word, mag aansoekers ook aansoeke per hand indien.

3.5 Toegang tot aansoeke kan ná die sluitingsdatum via die e-Werwingstelsel verkry word wanneer die werwings-, keurings-, en aanstellingsprosesse in werking tree.

4. Skole het die opsie om alle poste (bevorderings- en intreevlakposte) aanlyn via die e-Werwingstelsel te adverteer.

5. 'n "*Practical Guide to the Recruitment, Selection and Appointment of Institution-based Public Service Employees* is hierby aangeheg om die onderhoudkomitee te lei.

6. Maak asseblief seker dat die inhoud van hierdie omsendbrief aan alle belanghebbendes gekommunikeer word.

GETEKEN: HA LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-04-12